

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur

200 punte

INLIGTINGSBOEKIE

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekweiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins voor belasting + Rente-uitgawe}}{\text{Gemiddelde kapitaal aangewend}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste		(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Krediet aankope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Eindvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	Bedryfsbates – Bedryfslaste
Niebedryfslaste : Aandeelhouersekweiteit		Totale bates : Totale laste
$\frac{\text{Wins na belasting}}{\text{Getal aandeel uitgereik}}$		$\frac{\text{Dividende op gewone aandeel}}{\text{Getal aandeel uitgereik}}$
$\frac{\text{Vaste koste}}{(\text{Verkoopsprys per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid})}$		$\frac{\text{Totale gewone aandeelhouersekweiteit}}{\text{Getal aandeel uitgereik}}$

VRAAG 1 VERVAARDIGING EN BTW**(37 punte; 22 minute)****Inligting aangaande Glowcor**

Glowcor vervaardig en verkoop een tipe kampeerlamp. Die volgende inligting het spesifiek op die onderneming betrekking:

- Glowcor, wat deur Luca Booyens besit word, het 2 jaar gelede met sy bedrywighede begin toe elektrisiteitstekorte 'n probleem vir huishoudings in Suid-Afrika geword het.
- Dit voorsien ook 'n hersteldiens vir lampe waarvoor hulle 'n fooi vra.
- Die lampe werk met batterye en gebruik energiebesparende gloeilampe. Die lampe is ten volle herwinbaar.
- Glowcor is 'n geregistreerde BTW-ondernemer en is vir BTW teen 14% op die faktuurbasis aanspreeklik.
- Die onderneming gebruik die EIEU-voorraadwaardasiemetode.

Inligting:**A BTW-inligting:**

1. Die BTW-kontrolerekening weerspieël dat R4 050 op 1 Oktober 2015 deur SAID aan Glowcor verskuldig was.
2. Totale aankope vir die maand Oktober het R725 000 beloop, BTW uitgesluit. Ingesluit in hierdie totaal is 'n bedrag van R1 450 vir die aankoop van 'n nulkoersitem.
3. BTW op lampe wat gedurende Oktober aan 'n plaaslike liefdadigheidsorganisasie geskenk is, het R1 120 beloop.
4. Verkope en fooi-inkomste vir Oktober is bereken op R999 780, BTW ingesluit.
5. Glowcor het 'n ou stuk vervaardigingstoerusting op 1 Oktober 2015 verkoop en die BTW op hierdie transaksie is op R560 bereken.
6. R220 000 is in Oktober aan krediteure betaal ter vereffening van hul rekeninge van R235 390.
7. BTW op oninbare skuld, R2 352.

B Vervaardigingsinligting:

1. Die volgende saldo's is onder andere in die rekeningkundige rekords soos op 31 Oktober aangetref:

	2015	2014
	R	R
Voorraad goedere-in-bewerking	420 000	270 000
Voorraad klaarprodukte	?	44 600

2. Die volgende inligting het op die vervaardiging van lampe betrekking:

	2015
Direkte materiaalkoste per eenheid	R115
Direkte arbeidskoste per eenheid	?
Fabrieksbokoste	13% van die totale vervaardigingskoste
Getal voltooide eenhede vervaardig	30 000

C Verkoopsinligting:

1. Die volgende inligting het op die verkoop van lampe betrekking:

	2015
Verkoopsprys per eenheid	R360
Getal eenhede verkoop	30 100
Getal voltooide eenhede onverkoop soos op 31 Oktober	650
Bruto wins as 'n persentasie van verkope	40%

VRAAG 2**MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE****(60 punte; 35 minute)****Inligting aangaande Akhari Beperk**

A Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords geneem voor die aansuiwerings hieronder in ag geneem is:

	31 Oktober 2015	1 November 2014
	R	R
Vaste deposito: Nedrand Bank	202 500	
Vaste deposito: ABBA Bank	90 000	
Handelsvoorraad	?	
Debiteurekontrole	450 000	
Bank	335 000	
Kleinkas	10 000	
Gewone aandeelkapitaal	?	5 265 000
Behoue inkomste	?	
Verband: Securico Bonds	485 000	
SAID – Inkomstebelasting	353 000 dt	
Aandeelhouers vir dividende		310 500

B Aansuiwerings en bykomende inligting wat in ag geneem moet word:

- Op 1 November 2014 het Akhari Beperk 1 350 000 uitgereikte gewone aandele gehad. Op dieselfde dag het hulle besluit om 'n verdere 150 000 nuwe aandele teen R4,50 per aandeel uit te reik. Dit is alles opgeteken.
- Die netto batewaarde (NBW) wat op **31 Oktober 2014** bereken is, was 420 sent.
- Op 31 Oktober 2015 het die direkteure besluit om 50 000 gewone aandele terug te koop by 'n aandeelhouer wat kontant dringend nodig gehad het. Na baie onderhandeling is 'n terugkoopprys van R4,30 aanvaar. **Geen inskrywings** is gedoen om hierdie terugkoop op te teken nie.
- Die dividende vir die jaar (DPA) op 31 Oktober 2015 was 57 sent. Vanweë die terugkoop van aandele wat aan die einde van die jaar plaasgevind het, het al die aandele, ook dié wat **teruggekoop** is, gekwalifiseer vir beide die tussentydse en finale dividend.
- Die bedrag vir dividende betaal in die kontantvloeistaat op 31 Oktober 2015 was R760 500.
- Inkomstebelasting van R348 000 vir die jaar is nog nie in die boeke opgeteken nie. Dit verteenwoordig 30% van die netto wins **nadat alle aansuiwerings en bykomende inligting in ag geneem is**.

7. Die BTW-kontrolerekening het op 31 Oktober 2015 'n kredietsaldo van R8 450 weerspieël nadat alle aansuiwerings gedoen is.
8. Op 31 Oktober 2015 het Akhari Beperk twee vaste deposito's gehad:
 - Die een vaste deposito van R202 500 is by Nedrand Bank belê en sal op 1 Junie 2018 verval.
 - R50 000 van die ander vaste deposito, by ABBA Bank belê, sal op 30 November 2015 verval.
9. 'n Besluit is op 20 Oktober 2015 geneem om R7 000 uit die kleinkas in die vaste deposito by Nedrand Bank te belê. Geen inskrywings is gedoen om dit op te teken nie.
10. Akhari Beperk het twee produkreekses. Hulle spesialiseer in die verspreiding van oefenfietse en trapmeule. Handelsvoorraad bestaan uit beide oefenfietse en trapmeule. Op 31 Oktober 2015 het 'n fisiese voorraadtelling die volgende openbaar:
 - Die voorraad oefenfietse voorhande het R220 000 beloop.
 - 90 trapmeule was voorhande. Trapmeule word waardeur deur die EIEU-metode te gebruik. Die volgende inligting het op die voorraad trapmeule betrekking:

	Eenhede	Koste per trapmeul	Totale koste
Beginvoorraad (1 November 2014)	40	R5 450	R218 000
Aankope gedurende die jaar:	232		R1 258 000
Januarie 2015	160	R5 500	R880 000
Julie 2015	72	R5 250	R378 000
Eindvoorraad	90	?	?

11. Akhari Beperk het onderhandel om 20% van hulle debiteure aan IRBS Finansiële Dienste te verkoop teen 'n verlies van R5 000. Op 25 Oktober 2015 is betaling van hulle af ontvang, maar geen inskrywings is gedoen nie.
12. Gebruik jou kennis van die voltooiing van 'n balansstaat/staat van finansiële posisie om die krediteurekontrolesyfers soos op 31 Oktober 2015 te bereken.

VRAAG 3 KONTANTVLOEISTAAT**(38 punte; 24 minute)****Inligting aangaande Ingwenya Beperk**

1. **Uittreksel uit die staat van omvattende inkomste (inkomstestaat) vir die jaar eindigend 31 Oktober 2015:**

Wins met verkoop van voertuig	R4 800
Waardevermindering vir die jaar	R158 000
Rente op lening	R86 760
Inkomstebelasting	R635 600
Dividende vir die jaar	R170 000

2. **Uittreksel uit die staat van finansiële posisie (balansstaat) soos op:**

	31 Oktober 2015	31 Oktober 2014
	R	R
Tasbare bates		
Vaste bates	4 900 000	3 983 200
Finansiële bate: Vaste deposito by First Rand Bank	100 000	100 000
Bedryfsbates		
SAID – Inkomstebelasting	3 000	13 600
Niebedryfslaste		
Verbandlening: Coronation Finansiële Dienste	1 142 000	920 000
Bedryfslaste		
Bankoortrekking	?	91 000
Aandeelhouers vir dividende	30 000	60 000

3. Bykomende inligting

1. Die maatskappy het gedurende die jaar 'n bykomende lening verkry. Terugbetalings wat rente insluit, het R164 760 beloop. Rente op die lening word gekapitaliseer.
2. 'n Uitbreiding van die kantoorblok is gedurende die jaar onderneem.
3. Toerusting is gedurende hierdie jaar gekoop. Geen toerusting is verkoop nie.
4. Ingwenya Beperk het 'n voertuig met 'n kosprys van R280 000 gedurende die jaar vir R116 800 verkoop. Hulle het geen ander voertuie gedurende die jaar gekoop of verkoop nie.
5. Jason Steiner, 'n aandeelhouer, is baie bekommerd oor die likiditeit- en winsgewendheidsituasie van die maatskappy en het besluit om sy aandele te verkoop. Die direkteur het al 80 000 gewone aandele by hom teruggekoop teen 'n prys van R4,20 per aandeel. Die geweegde gemiddelde prys op hierdie datum was R3,05. Geen nuwe aandele is uitgereik nie.

**VRAAG 4 KONTANTBEGROTING EN GEPROJEKTEERDE
INKOMSTESTAAT (65 punte; 39 minute)**

Inligting aangaande Frozo Yogi's

Frozo Yogi's is 'n klein onderneming wat besit en bestuur word deur Joan Saunders. Hulle spesialiseer in die verkoop van 'n reeks bevrore jogurts wat hulle aan supermarkte in die Durban-gebied versprei. Die volgende inligting het spesifiek op die onderneming betrekking:

- Die onderneming het 10 werkers in totaal in diens. Hulle verdien dieselfde loon, maar hulle kan 'n bonus verdien as hulle sekere verkoopsteikens bereik.
- Joan Saunders aanvaar verantwoordelikheid vir al die administrasie- en boekhoudingspligte.
- Die onderneming het op 1 Oktober 2015 'n kragopwekker gekoop ingeval kragonderbrekings voorkom.
- Die finansiële jaar eindig op 30 September.

A Die volgende saldo's het op 31 Augustus 2015 in die rekeningkundige rekords verskyn:

Inkomste vooruit ontvang/Uitgestelde inkomste (huurinkomste vir Sept.)	R6 200
Lening: Investek Finansies (9,5% per jaar)	R240 000

B Werklike en begrote inligting:

1. Werklike en geprojekteerde verkope:

Werklike 2015-verkope:	
Julie 2015	R350 100
Augustus 2015	R396 000
Begrote 2015-verkope:	
September 2015	R405 000
Oktober 2015	R351 000

2. Die maatskappy handhaaf 'n vaste voorraadbasis en pas ten alle tye 'n winsgrens van 80% op kosprys toe.

Let wel: Bevrore jogurt ter waarde van R30 000 het tydens beurtkrag op 30 September 2015 gesmelt en moes in September 2015 as verkwisting afgeskryf word. Hiervoor is vanselfsprekend nie begroot toe die begrotings vir September en Oktober opgestel is nie. Die versekeringsmaatskappy sal R10 000 in September 2015 uitbetaal. Nuwe voorraad om dit te vervang is in September 2015 gekoop.

3. 70% van alle voorraadaankope is kontantaankope.

4. Die onderneming se krediteur word soos volg betaal en hierdie bepalings word streng nagekom:
 - 40% in die maand na die transaksiemaand om vir 'n 5%-korting te kwalifiseer.
 - 60% in die tweede maand na die transaksiemaand.
5. Kredietverkope beloop 75% van totale verkope.
6. Debiteure ontvang geen kortings vir vroeë betaling nie en rente word ook nie gehef nie. Die begroting word opgestel in die veronderstelling dat debiteure hul kredietvoorwaardes nakom.
7. Voor die begroting vir September en Oktober opgestel is, het 'n debiteur wat van Augustus 2015 af R8 200 verskuldig is, Frozo Yogi's ingelig dat sy vanweë onvoorsiene kontantvloei probleme nie kan betaal nie. Daar is besluit dat haar rekening in Oktober 2016 as oninbaar afgeskryf sal word. Hulle voorsien nie enige ander oninbare skuld nie.
8. Huurinkomste sal op 1 Oktober 2015 met 10% toeneem. Huur word maandeliks ontvang, tensy 'n ooreenkoms met die huurder aangegaan word.
9. Die lening by Investek Finansies is op 1 April 2015 verkry. Rente op die lening word bereken teen 9,5% p.j. maar maandeliks betaal. R24 000 van die lening sal op 1 Oktober 2015 terugbetaal word en die rente aan die einde van Oktober 2015.
10. Waardevermindering op voertuie en toerusting beloop gesamentlik R5 200 per maand. Geen bates is gedurende die jaar gekoop of verkoop nie.
11. Joan Saunders het besluit om haar maandelikse kontantonttrekkings van 1 Oktober 2015 af te verhoog.
12. 'n Jaarlikse advertensieveldtog bestaande uit 12 advertensies, een per maand, is op 1 Augustus 2015 teen 'n totale koste van R60 000 bekendgestel. 'n Eenmalige betaling vir Augustus, September en Oktober se advertensies sal aan die einde van Oktober 2015 gedoen word.
13. Frozo Yogi's sal voortgaan om R1 000 kontant per maand aan die Highway DBV te skenk. Hierbenewens sal skryfbehoeftes ter waarde van R690 op 15 Oktober 2015 aan hulle geskenk word om hul jaarlikse fondsinsameling te adverteer.